Ps. 68:1 — **Die Tekens v.d. Tye.** — Potch 23 Nov. 1958.

Ges. 191:1,2.

Ges. 62:6.

Matt. 24:1-35

Matt. 24:3 – Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u Koms en van die voleinding van die wêreld?

Die gemeente van Christus leef – of behoort te leef – tussen 2 pole: dié van Christus se eerste Koms en dié van sy tweede – die pole van herinnering en verwagting. Daarom behoort daar steeds 'n lewende, warme, kloppende belangstelling te wees in alles wat te doen het m.d. wederkoms van J.X. Indien nie, dan groot fout – ernstige teken van gebrek aan belangstelling, aan ware liefde.

Vooraan staan die Vr.: Wanneer? Xtus self antw. die Vr.: „Maar van daardie dag en die uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader." Met die woorde van Xtus word dus alle pogings om Xtus se wederkoms te raai, te bereken of te voorspel – veroordeel (bv. die Sewende Dag Adventiste: 1843 – die Jehovagetuies 1914 genoem)

Vr. – beteken dit dat ons gladnie by benadering kan weet wanneer dit plaasvind nie? Nee: Xtus wel gesê dit sal kom soos dief i.d. nag, maar Hy het ook gesê (vyeboom): „Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle al hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur" (Matt. 24: 32,33)

Dus geroepe om na die tekens te kyk, te ondersoek, te deurdink, te deurvors.

Hier in Matt. 24 altesaam 10 tekens genoem wat ons in 4 groepe kan indeel:

Tekens by 1e Koms (Matt. 11) So by tweede:

I Tekens in die natuur: (vs 7) „En daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke" Dis byna ondenkbaar dat in die tyd waarin ons lewe met al sy oorproduksie van lewensmiddele, daar so iets as honger en gebrek kan ontstaan. En tog kan ons ons dit goed voorstel, veral as ons dink aan lande soos China, Indië, Midde-Asië met hulle groot oorbevolking; en wat kan gebeur as daar ontwrigting kom deur oorlog, droogte of ander natuurrampe! Oeste misluk

Ook pessiektes op verskillende plekke sal een v.d. tekens v.d. tye wees – soos ons beleef het in die griep van 1918 wat miljoene mense afgemaai het. Die wêreld is vandag so nou aan mekaar verbind dat so iets maklik moontlik is en sonder waarskuwing soos 'n veldbrand op 4, 5 plekke gelyktydig kan uitbreek.

Maar ook aardbewings op verskillende plekke sal een v.d. tekens v.d. tye wees – aardskokke wat duisende menselewens sal opeis. Ons weet hoeveel dele soos Japan, China, Turkye, ens. al deur hd. natuurramp geteister is en moet verwag dat dit sal toeneem totdat uiteindelik aan die einde v.d. dae sal gebeur wat Petrus so treffend beskrywe (2 P. 3:10): „Maar die dag v.d. Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand" Son, maan & sterre

→ Twintig jaar gelede is gelag oor so 'n moontlikheid: vandag is dit die wetenskaplikes wat ons sê dat so iets te eniger tyd kan gebeur!

II Tekens in die volkerewêreld: (vs. 6,7) „En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë ... Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander"

So baie mense het gedink en gehoop dat



die jongste Wêreldoorlog die laaste sou wees! Ons. Gods Wd. voorspel baie duidelik dat daar geen wêreldvrede op aarde sal wees voor Xtus se wederkoms nie: inteendeel, die spanning en haat tussen volkere sal toeneem en groei; bewapening sal met koorsagtige haas voortgaan; in hulle wantroue en verbittering teenoor mekaar sal volke gryp na steeds meer dodelike & verwoestende middels tot verderf en verwoesting!

→ Is dit nodig om te sê dat ons elke dag v.d. dinge hoor en daarvan lees? Dit sien gebeur onder ons eie oë? Grootmagte teen mekaar (vs 10,12) (Amerika & Rusland)

III Tekens in die sedelike lewe: ~~„En omdat die ongeregtigheid~~ „En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde v.d. meeste verkoel"

Ook Timotheus gee 'n skrikwekkende beskrywing van die sedelike toestande in die laaste v.d. dae: 2 Tim. 3:1-5 (lees); Toename in wetteloosheid, misdaad (moord, doodslag, roof, geweld, veragting v.d. wet); toename in seks. vergrype (huw. ontrou, onsedelikheid, egskeiding, losbandigheid, ontug); Bv. filmsterre met talle egskeidinge as helde en heldinne; moordenaars wat verheerlik word in dagblaaie en tydskrifte! Spaar nie die jeug nie: deur film & pornogr. leesstof word d. jeugd. gewoond ryp gemaak vir ontug & misdaad!

Gevolg? Die liefde verkoel. Paulus se woorde in 2 Tim. 3 – dat in d. laaste v.d. dae mense sal wees liefhebbers van hulleself :– geldgieriges ... ondankbaar ... onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, ... wreed, sonder liefde vir die goeie ... meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God. Kan ook nie anders nie: maar die liefde tot God

verkoel daar verflou die liefde tot d. naaste, daar kom jy baie makliker tot die diens van eieneg teenoor jou medemens, tot die verryking van jouself, tot die uitbuiting van ander..

Voel ons dit nie aan, beleef ons dit nie in toenemende mate vandag – dit nie d. groot klag v. duisende Xtene: waar is die liefde?

IV Tekens in die Xtel. lewe: (vs. 5, 11, 14) Mr. belangriker as al hd. tekens is dié wat op. die gebied v.d. Xt. lewe sal plaasvind:

a) Valse Xtusse: Duidelik onderskei v.d. anti-Chris – die persoon wat teen Xtus sal staan. Hier die valse Xtusse wat onder die naam v. Xtus sal kom om te sê: Ek is die Xtus, die Messias, die Verlosser v.d. Wêreld! Dink maar aan die Pausdom, aan godsd. ~~bewegings~~ leiers wat alwal kom onder die vaandel: Ek is die Xtus!

b) Valse Profete: Hoe duidelik spreek die Bybel op hd. punt! 2 Tim. 4:3: „Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels". Sien ons nie die waarheid van hd. woord voor ons bevestig vandag nie: in sulke bewegings soos die Jehova getuies, die 12 apostels, Christian Science, Spiritisme, Mormonisme, Rasionalisme, Ateïsme: mense vir wie die Bybel net 'n gewone boek, wat hulle heil soek in Kuns, kultuur & d. deugd. lewe v.d. mens in eie krag; mense wat die



godheid van Christus ontken en nie glo in die genadewerk v.d. Kruis nie! Is dit 'n wonder dat Xtus gevra het: „As die Seun v.d. mens kom, sal Hy wel díe geloof op die aarde vind?"

c) Wêreldevangelisasie: (vs. 14) „En hierdie evangelie v.d. Koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom"

– ~~[illegible]~~ Dus: die verkondiging v.d. Evangelie in d. hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies. Daarby moet ons nie verstaan dat elke mens onder elke volk die Evangelie sal hoor nie mr. dat dit sal verkondig word aan alle volke, tale & nasies.

Reeds in vervulling: Bybel in meer as 1200 tale; Kommunikasie middels dra die Ev. baie binnenge & gaan uit, deure gaan oop vir d. sending op baie plekke soos nog nooit vantevore!

d) Terugkeer v.d. Jode na Palestina:

→ Alles voortekens vir groot laaste teken: die Koms v.d. Antichris!

Gevaar: ① Tekens verkeerd opneem

② met d. wêreld saam sê: „Waar is die belofte van sy wederkoms?"

③ Verval in laksheid, louheid, verwêreldliking: Tekens was tog altyd daar!

**Slot:** (1) Sien dat die tekens teen die einde sal vermenigvuldig – al meer v.d. tekens gelyktydig of in opeenvolging sigbaar word; toeneem in herhaling en intensiteit

(2) Ons houding:

„Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede"